

KOMMUNIKAMMA



Teks vir die week::

1 Joh 4 : 18. "Waar liefde is, is geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf en wie nog vrees het nie volmaakte liefde nie>"

SAKE vir GEBED:

- * Bid vir al ons gemeentede wat siek is, wat tuis behandeling ontvang, wat verswak is en vir die pasiënte in die hospitaal.
- * Theuns de Jager is oorlede. Sy roudiens is Vrydagoggend 9 uur uit die kerk. Bid vir Leonie en sy familie.
- * Irma Loots en Willie Esterhuizen ontvang weer behandeling.
- * Bid vir Frans Schmidt wat sukkel met sy gesondheid en vir sy vrou, Myra wat hom ondersteun.
- * Dink aan Tina van der Merwe wat Maandag, 10 Junie 'n regstellende rugoperasie ondergaan. Ons bid dat dit suksesvol sal wees.
- * Dank ons Vader dat Marius Breytenbach reeds oppad is na herstel, na sy rugoperasie .
- * Ons is dankbaar om te verneem dat Merinda, Laura Krause se dogter kankervry verklaar is.
- * Bid asseblief vir # Imagine Kidz wat weer gedurende die wintervakansie sal plaasvind. Bid spesiaal vir Petru Vlok en al die groepleiers, stasieleiers en die maats wat dit gaan bywoon. Ons glo dat dit vetpret sal wees en dat almal dit baie sal geniet.
- * Bid vir elke leerling en student wat eksamen skryf. Ons glo dat elkeen goed voorberei is en sy beste gee, asof vir die Here.
- * Ons dank die Heer dat daar nou daadwerklik teen korrupsie opgetree word en ons bid dat God ook ons gebede sal verhoor en 'n einde sal maak aan die wreedaardige bendegeweld en sinnelose moorde onder alle bevolkingsgroepe wat daagliks plaasvind.
- * Ons dank die Heer vir 'n wonderlik, beGEESTerde Pinksterreeks die afgelope week. Dankie ook aan al die predikante wat dit gelei het.
- * Bid dat die verbetering aan die kerkgebou glad sal verloop.

SONDAG 9 JUNIE 2019

08:30 Eietydse diens in die saal

09:45 Kategese

10:00 Klassieke diens in die kerkgebou.
Biddag vir Jeug en Kategese

Die deurdankoffer is vir MTR Smit Kinderoord

Teebeurt vandag: Voetspore en Tulpe selle

18:30 Die ring van Algoa se gesamentlike pinksterafsluiting met Natasha Joubert by Lorraine gemeente.

MAANDAG 10 JUNIE

12:45 Gebedskild in die gebedskamer.

VRYDAG 11 JUNIE

MANNEBYEENKOMS

05:00 By Elandré Bosch, Lilylaan 68.

SONDAG 16 JUNIE

09:00 Erediens in die saal. Alle eredienste sal in die saal gehou word totdat verbeterings aan die kerkgebou afgehandel is.

FONTEINVRIENDE

Jaarlikse markdag van CMR se senior groepe word op **12 Julie 2019** om 9.30 by Sherwood gemeente gehou. (Markdag neem die plek in van ons Juliemaand byeenkoms)

Soos gewoonlik is Kraggakamma gemeente verantwoordelik vir die poedings. Ondersteun ons asb met skenkings vir poeding en vla. Bestanddele is ook welkom.

Kom ondersteun ons asb en koop jou naweek se nagereg.

Navrae: Marlene Rossouw (sel 0723948059)

Elna Thiart (sel 0836621774)

Laat weet as julle vervoer nodig het.

Op 15 Aug hou ons dv 'n fliekoggend. Meer besonderhede volg later.

NG KERK PATMOS – Bied aan die "Donkie" met Frank Opperman.

Vrydag 30 Aug 19:00 by Goldfields ouditorium, Noordkampus, Nelson Mandela Universiteit.

Kontak Elizma by 083 258 9860.

VERBETERINGE AAN DIE KERKGEBOU

Die 1ste fase van verbetering aan die kerkgebou sluit die bou van 'n verhoog, verbetering aan die moederskamer en klank in. Bouwerk begin 10 Junie 2019. Daar word beplan dat die bouwerk tydens die Junie/Julie vakansie gedoen sal word. Terwyl die bouwerk gedoen word, sal alle eredienste in die saal plaasvind.

Ons versoek almal om asseblief nie tydens die bouwerk in die kerkgebou te gaan inloer nie. Enige bouverseel het 'n veiligheidsrisiko.

ASEMSKEP HUWELIKSVERRYKINGSNAWEEK

Ons hou hierdie jaar in plaas van die Vrouekamp, 'n Kamp vir Egpape. Dit vind plaas die naweek van 4-6 Oktober by Eersterivier.

Ds Jan Coetzee en sy vrou, Elbi, wat by Sionsrand gemeente was, gaan die naweek lei. Deel van die naweek is om te gaan stap. (Jy hoef nie fiks te wees nie, maar jy moet kan stap)

Gesels met mekaar daarvoor en gee jul name vir Sonja (084 703 2992) of Roenel (083 388 5357) per sms of watts app indien julle wil deel wees van hierdie kamp. Indien jy wil help met die reëlings vir die kamp, gee ook jou naam en noem dat jy graag vir help.

Verblyf: Eie verblyf. Daar is plek in die sentrum vir mense om te bly, daar is ook verskeie huise beskikbaar wat julle kan huur vir die naweek. Kry 'n paar vriende saam en deel 'n huis.

Kamp koste: R200 met bespreking van julle as paar en R200 teen 25 September 2019.

Gee asb 'n e-pos adres wanneer jul plek bespreek.

NUWE LIDMATE

Baie welkom by ons. Vul asb die groen vorm in die voorportaal in en plaas dit in die klein houtkissie by die vorms in die voorportaal. U kan ook die **vorm vir nuwe intrekkers** aflaai en dan voltooi. Ons sal u so gou moontlik kontak.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Nog inligting oor ons gemeente is beskikbaar op ons webwerf: www.ngkraggakamma.co.za.

UITREIK NA CALA

As gevolg van geen belangstelling nie, kan die uitreik na Cala ongelukkig nie plaasvind nie. Ons gaan volgende jaar weer probeer en kyk ook na ander maniere waarop ons daar kan help.

Bid vir die dominee Derik en sy vrou Margie wat in uitdagende omstandighede 'n reuse taak verrig. Bid vir leiding oor hoe ons hulle verder kan ondersteun. Indien jy kan help met die maak van of selfs net voorbeelde het van duursame speelgoed vir voorskoolse kinders, kan jy ook Giel kontak.

WINTERHOOP

Daar word weer klere bymekaar gemaak vir MES se **Winterhoop projek** wat strek van **1-30 Junie 2019**. Die volgende items word benodig; Warm klere, sokkies en skoene, mussies, handskoene en serpe, komberse, nie-bederfbare kos en toiletware. Items kan by die kerkkantoor ingehandig word.

LOFDANSE

Het jy n passie vir dans? Ons wil graag met n Lofdans groep [Worship Dancing] begin. Enige iemand is welkom, jonk en oud. Jy hoef nie opleiding te hê nie, net 'n passie om die Here deur middel van dans te

loof. Indien jy belangstel kontak Felicity Kapp 0825768305

GLS 2019 van 18-19 Oktober

"World Vision" werk saam met "The Willow Creek Association" vir die "Global Leadership Summit", 'n gebeurtenis wat vars, aktiewe en inspirerende leierskapwenke bied by 'n adres wat vir jou gerieflik is. Dit is ontwerp vir enigiemand wat hulself wil opskerp en 'n sinvolle lewe wil lei. Almal, van 'n hoof tot 'n bly-by-huis ouer, sal hierby baat vind.

Wêreldklasleiers word op grootskerm vertoon terwyl hulle hul getuigenis deel en leierskapopleiding doen. Die GLS vind by Harvest Christian Church plaas. Die geleentheid kos R510-00 per persoon. Indien ons meer as 10 is, kos dit R480.00. Kontak asb voor Vrydag 14 Junie 2019 die kerkkantoor, indien jy die geleentheid wil bywoon. Die kerkraad sal mense, wat worstel om die bedrag bymekaar te kry, finansiële ondersteun.

KERSMARK 8 – 9 NOVEMBER

Kraggakamma gemeente bied hierdie jaar 'n kersmark aan. Indien jy 'n stalletjie wil hê by die mark, kontak Niekie of die kerkkantoor vir inligting. Ons is ook opsoek na lidmate wat sal help bak, kosmaak en verkoop tydens die kersmark. Kontak die kerkkantoor indien jy wil help.

There4-Bedieninge reis na Egipte

Ons het weer jou hulp nodig. 12 Dames besoek in September Egipte om vrouens wat in vervolging lewe te gaan bemoedig en na hulle harte te luister. Erica Keyser, Elizma Harmse, Heila van der Merwe, Janine Coetzee, Jean-Mari Oberhölzer en Nadia Lambrechts verteenwoordig ons gemeente op die reis.

Ons benodig tans: 220 pare bedsokkies; 30 pare gebreide handskoene, 116 traumapoppies en 450 lapsakkies (17x25 cm met 'n toutjie wat kan toetrek)

Kontak Melissa by die There4-kantoor as julle enige navrae het by 041- 3601946



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..